# SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

## Beursinligting



1. **Naam en van:** Dr Z L de Beer

2. **Universiteit:** Noordwes Universiteit

**Meesters:** [ ] **Doktoraal:** [X] **Postdok:** [ ]

3. **Studierigting:** Vergelykende Opvoedkunde

4. **Titel van proefskrif of Verhandeling:** Die BRICS organisasie: betekenis vir onderwysvoorsiening in die lidlande

5. **Datum van afhandeling:** Maart 2017 **Uitslag:** Slaag

6. **Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:**

7. **Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.**

Internasionale samewerking gebeur om verskeie redes. Die Verenigde Nasies, Europese Unie en Unesco is van die bekendste voorbeelde van Internasionale samewerkingsorganisasies. BRICS is een van die mees resente internasionale samewerkingsorganisasies. Onderwys en veral “Onderwys vir Almal” (OVA) is een van die areas waarop die BRICS-lidlande fokus. Die onderwysstelsels in van die BRICS-lidlande presteer nie na wense nie. BRICS-lidlande kan dus deur middel van identifisering van beste praktyke hul onderskeie onderrigstelsels verbeter. Hierdie navorsing het dus op die volgende probleemstelling gefokus: Watter betekenis behoort die BRICS-organisasie vir die onderwysvoorsiening in die BRICS-lidlande te hê?

Die navorsingsprobleem het die navorsingsdoelwitte gerig. Die doel van die navorsing was om te bepaal wat die betekenis was van die BRICS-organisasie vir onderwysvoorsiening in die lidlande. Ten einde hierdie navorsingsdoelstelling te bereik is die volgende doelwitte geïdentifiseer: Eerstens is die betekenis van internasionale samewerking in onderwys beskryf. Vervolgens is die historiese ontwikkeling van die BRICS-organisasie beskryf. Die onderwysdoelstellings van die onderskeie lande is ook beskryf. Die vierde doelwit het op “Onderwys vir Almal” in die BRICS-lidlande gefokus. Laastens is daar tersaaklike riglyne ontwerp vir effektiewe funksionering en implementering van “Onderwys vir almal” in die BRICS-lidlande.

Kwalitatiewe navorsing fokus op eienskappe wat nie tot getalle gereduseer kan word nie. Deur die lens van ’n interpretivistiese filosofiese oriëntasie is die dokumente en onderhoude geanaliseer. Doelgerigte

steekproefneming is gebruik om deelnemers te kies. Dokumente van die vyf lidlande is ontleed en daar is ook met kundiges uit die BRICS-lidlande onderhoude gevoer. Weftq-programmatuur is aangewend om data te analiseer. Die vergelykende metode is gebruik om beste praktyk ten opsigte van ondervoorsiening in die BRICS-lidlande te identifiseer.

Die bevindinge is soos volg: Internasionale samewerking in onderwysvoorsiening is redelik effektief maar daar word nie volgens beplande tydraamwerke gehou nie. Vanuit ’n historiese perspektief funksioneer die BRICS-organisasie as ’n effektiewe internasionale organisasie. Die onderwysdoelstellinge van elke BRICS-lidland is deeglik beskryf. Die laaste bevinding is die assessering van BRICS-lidlande se OVA-doelwitbereiking. Die BRICS-lidlande voldoen nog nie aan al die OVA-doelwitte soos gemeet aan tyd en uitkomste nie. Laastens is  riglyne voorgestel, ten einde die OVA-doelwitte van die BRICS-lidlande meer effektief en vinniger te bereik.

Navorsing moontlikhede en - uitsette is soos volg:  Daar is een artikel gepubliseer en nog vyf is in die pyplyn. Die navorsing het ook gelei tot die BRICS projek by NWU wat deel vorm van die Edu-HRight navorsings eenheid in die Fakulteit opvoedkunde by NWU. Daar word ook ’n Internasionale BRICS Ed Raad gestig by die NWU wat deel sal vorm van die BRICS@NWU inisiatief.